www.xtrapapers.com

N12/1/A1AFR/HP2/AFR/TZ0/XX

88120002

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Friday 16 November 2012 (morning)
Vendredi 16 novembre 2012 (matin)
Viernes 16 de noviembre de 2012 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is *[25 marks]*.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est *[25 points]*.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es *[25 puntos]*.

8812-0002

3 pages/páginas
© International Baccalaureate Organization 2012

www.xtrapapers.com



*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werke van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat* ***nie*** *gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal* ***nie*** *hoë punte behaal* ***nie****.*

**Drama**

**1.** Wat lei tot die tragiese ondergang van een of meer karakters in 'n drama? Is dit 'n sameloop van omstandighede? Of kan dit aan selfvernietiging toegeskryf word, d.w.s. omstandighede wat gewyt kan word aan menslike swakhede? Reageer op die vraag deur na spesifieke werke te verwys.

**2.** Die goeie tragiese drama wen aan dramatiese krag wanneer die gebeure in 'n atmosfeer van dreigende konflik en onheil omhul word. Deur te verwys na gelese werke bespreek die wyse waarop die dramaturg te werk gaan om 'n bepaalde atmosfeer te skep.

**Poësie**

**3.** "'n Wesenskenmerk van goeie poësie is kompaktheid en intensiteit." Deur te verwys na ten minste twee gedigte oorweeg die geldigheid van die stelling.

**4.** "Dit is opmerklik hoe die natuur dikwels as 'n klankbord vir die digter se gemoedstemming dien en sò 'n spektrum emosies onder beeld bring." Deur te verwys na ten minste twee gedigte besluit hoe jou gekose digters die natuur op die wyse inspan.

**Roman**

**5.** Die Afrikaanse roman is onlosmaaklik verbonde aan die Afrika-kontinent waar die taal sy ontstaan gehad het. Met verwysing na die gelese werke toon aan hoe die romans binne die dampkring van Afrika tot stand gekom het.

**6.** "In die roman kan 'n dinamiese hoofkarakter die gang van gebeure oor en oor bepaal, hetsy ten goede of ten kwade." Deur na die gelese romans te verwys, evalueer die geldigheid van die stelling.

www.xtrapapers.com



**Kortverhaal**

**7.** "Die vonk vir 'n kortverhaal kom dikwels van 'n insident in die alledaagse lewe." Oorweeg die wyse waarop skrywers wat jy bestudeer het sulke alledaagse insidente tot goed gekonstrueerde verhale uitbou.

**8.** "Die temas vir kortverhale kom uit die lewe self, maar op die ou end is dit die wyse waarop skrywers hierdie temas hanteer, wat dit enig maak." Deur te verwys na temas in gelese kortverhale, bespreek die wyse waarop temas deur die skrywers hanteer word.

**Algemeen**

**9.** Sommige werke word as *klassiek* beskryf. Wat na jou mening is die kwaliteite inherent in 'n werk wat aan dié vereistes voldoen? En hoe bruikbaar vind jy die konsep as sodanig?

**10.** "Die letterkunde kan nie 'n oplossing vir die problematiek van menswees bied nie. Maar die lees van letterkunde laat ons die lewensproblematiek beter verstaan." Deur na die gelese werke te verwys, bespreek die geldigheid van die vraag.

**11.** "Geen literêre werk kan in 'n vakuum ontstaan nie. Daar is altyd 'n milieu wat die diskoers omraam." Deur na enkele gelese werke te verwys, bespreek die wyse waarop 'n bepaalde milieu 'n werk kontekstualiseer.

**12.** "'n Universele verskynsel is die groeiende invloed van die vroueskrywer. En dit het 'n groot invloed op ons konstruksie van die waarheid." Evalueer die stelling deur te verwys na 'n paar gelese werke.

---